## RESENTE SUID-AFRIKAANSE LITERATUUR OOR DIE KERK (EERSTE AFLEWERING)


1 Heyns, J A 1977. *Die kerk.* Pretoria: N G K B

2 Theron, P F 1978. *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken - die eenheid van die kerk as "profesie" van die eskatologiese vrede.* Pretoria: N G K B

3 De Gruchy, J W 1979. *The church struggle in South Africa.* Cape Town: David Philip.

4 Jonker, W D 1965. *Aandag vir die kerk* (Die stryd om die kerk 1). Potchefstroom: Die Evangelis.

5 Vorster, J D *et al* 1978. *Veelvormigheid en eenheid.* Kaapstad: N G K U.

6 Meiring P en Lederle, H I 1979. *Die eenheid van die kerk.* Kaapstad: Tafelberg.

7 Van Wyk, J A 1978. *Teologie en Ideologie.* (Kerk en Wêreld 6). Sovenga: Studiegroep 'Kerk en Wêreld'.

8 Bax, D 1979. *A different gospel. A critique of the theology behind apartheid.* Johannesburg: The Presbyterian Church of S A.

9 Sundermeier, Th. (Ed.) 1975. *Church and nationalism in South Africa.* Johannesburg: Ravan Press.

10 *Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse Samelewing.* 1977. Wetenskap=like bydraes van die PU vir CHO reeks F: Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Potchefstroom: PU vir CHO.

11 Van der Merwe, D C S 1973. *Kerk, volk en ras in die sendingbeleid van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.* Potchefstroom: Pro Rege.

12 Van Wyk, D J C (Samesteller) 1978. *Stemme uit die verlede I. Volkere-verhoudings in Suid-Afrika.* Pretoria: HAUM.

13 Vorster, W S (Ed.) 1978. *Church and society.* Pretoria: Unisa.

14 Church and liberation. 1977. *Missionalia* Vol 5 No 2.

15 Meiring, P 1973. *My buurman se kerk.* Kaapstad: Tafelberg.

16 Meiring, P 1975. *Stemme uit die swart kerk.* Kaapstad: Tafelberg.

17 Meiring, P 1977. *Die kerk op pad na 2000.* Kaapstad: Tafelberg.

18 Meiring, P 1979. *Die kerk in die nuwe Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

19 Hanekom, C 1975. *Krisis en kultus. Geloofsopvattinge en seremonies binne 'n swart kerk.* Kaapstad: Academia.

20 Van der Vyver, J D 1972. *Die juridiese funksie van staat en kerk.* Durban: Butterworths.

21 Boesak, A A 1979. *Die vinger van God.* Johannesburg: Ravan Press.

22 Jonker, W D en Theron, P F 1979. *Vreemde gemeenskap. Preke rondom die tema: die kerk in die wêreld.* Pretoria: N G K B.

Die tema van die kerk bly 'n sentrale fokuspunt by enige ondersoek van die Bybelse teks - of dit nou vanuit Ou Testamentiese perspektief ten opsigte van bv. die verbondsgemeenskap of vanuit die verskillende Nuwe Testamen=tiese beelde vir die kerk (volk van God, liggaam van Christus, ens) of 'n verskeidenheid van ander gesigshoeke benader word. Hierdie veelkantige tema word verder gedra deur 'n eksistensiële dringendheid, omdat die ge=loofwaardigheid van die Christelike boodskap so nou saamhang met hoe die kerk as geloofsgemeenskap homself verstaan en gedra in die wêreld.

Die toenemende belangstelling in die kerk hier te lande moet dus allerweë verwelkom word. Bg lys is geensins bedoel om volledig te wees nie. Tog gee dit 'n indruk van die groot verskeidenheid van publikasies oor die kerk wat met enkele uitsonderinge die afgelope drie jaar die lig gesien het. Hierdie opbloei in belangstelling hou terselfdertyd direk verband met die kritieke fase waarin die kerk in Suid-Afrika hom tans bevind. Ten midde van snelle politieke, sosiale en ekonomiese verandering, word die kerk ge=dwing om homself weer rekenskap te gee van sy eie grondslae en aard. Op=nuut moet hy duidelikheid kry oor sy rol en verantwoordelikheid in omstan=dighede wat ingrypend verander het. In feitlik elkeen van hierdie publi=kasies vind ons spore van hierdie worsteling.

Dit is nie die bedoeling van hierdie oorsig om die leser met al die fasette van hierdie intense en boeiende debat vertroud te maak nie. In hierdie eerste aflewering word slegs gepoog om die verskillende publika=sies aan die leser voor te stel in die hoop dat dit hom tot 'n eie verken=ning sal aanmoedig. In 'n tweede aflewering sal meer indringend na enkele van hierdie boeke gekyk word.

Die aanleiding tot Heyns se studie (1) was om aan sy studente 'n verkenning te bied van die basiese probleme rondom die leerstuk van die kerk. Vir die algemene leser is dit 'n goeie inleiding in die onderwerp. Die skrywer

oortuig dat besinning oor die kerk nie kan vertrek van "die verskeurde werklikheid met sy diepe teleurstelling in die kerk nie, ook nie van die nuwe werklikheid met sy nuwe eksperimentele denke oor 'n ander kerkge= stalte nie, selfs nie van die reste van die ou werklikheid waar daar nog, al is dit dan gedemper, entoesiasme oor die kerk aanwesig is nie. Be= sinning oor die kerk in 'n krisistyd soos dié van ons moet geskied vanuit die openbaring in Gods Woord" (p 2). Kenmerkend van Heyns se benadering, word die kerk allereers binne die breë raamwerk van die koninkryk geplaas. Hy onderskei 'n drieërlei verhouding van die kerk, nl tot God, tot hom= self en tot die wêreld. In die lig van die eerste twee word die kerk se verhouding tot die wêreld dan as "kritiese solidariteit" beskryf, waarby albei dele van hierdie samestelling gelyke nadruk moet ontvang. Voorts word die eienskappe, die konfessionele karakter en die gestaltes van die kerk behandel, met afsluitende hoofstukke oor "kerk en volk" en "kerk en politiek".

Uit P F Theron se proefskrif (2) blyk dit dat hy veel van sy promotor, Heyns, geleer het. Tog is die eie fokus van hierdie werk reeds uit die ondertitel duidelik: "Die eenheid van die kerk as 'profesie' van die eskatologiese vrede". In werklikheid word hierdie hele diskussie van die afgelope dekade oor die eskatologie opgeneem en in een brandpunt saamgetrek: die profeties-eksemplariese bestaan van die gemeente is teken van Gods eintlike bedoeling met die kosmos. Die hele aanpak dra die stempel van Theron se kenmerkend individualistiese en boeiende styl, maar maak die boek terselfdertyd nie maklike leesstof nie. Sonder 'n goeie agtergrondskennis van die stand van die diskussie kan baie van die subtiliteite van sy argumentasie en die belangrike implikasies daarvan van die kerk se selfverstaan verlore gaan.

John de Gruchy se indringende analise van die huidige kerklike situasie in Suid-Afrika (3) is ongetwyfeld een van die belangrikste publikasies van die afgelope tyd. Teen die agtergrond van die veelbewoë wordings= geskiedenis van die kerk hier te lande, gee hy 'n helder uiteensetting van die problematiek van die afgelope kwarteeu. Die kompleksiteit van die kleurvraagstuk en die kerke se betrokkenheid daarby word met ewe= wigtigheid behandel. Veral waardevol is sy bespreking van die ontwikke= ling van swart teologie, wie se wortels dieper in Afrika teruggaan as wat algemeen besef word. De Gruchy skrif as iemand wat intens betrokke is by die kerk se stryd om sy roeping te vervul, maar behandel terselfder= tyd standpunte wat van sy eie verskil met begrip en billikheid. Dit is

'n boek waarvan elke gelowige kennis moet neem, wat ookal sy spesifieke kerklike agtergrond en oortuiging mag wees.

Die volgende drie boeke hoort bymekaar, omdat dit deel uitmaak van 'n voortgaande gesprek binne die NG-familie. Die boekie van Jonker (4) dateer uit 1965 en is eintlik heelwat vroeër as die ander wat hier be= spreek word. Tog is dit om twee redes van belang: dit is die eerste in 'n reeks, "Die stryd om die kerk" wat in 1965 deur 'n "ekumeniese" poging onder leiding van ds V E D'Assonville, dr J H Roberts en dr T van der Walt van stapel gestuur is en tweedens gee dit 'n kort maar helder uiteensetting van al die wesenlike aspekte wat in die daaropvolgende debat ter sprake sou kom. Die bundel wat deur dr Vorster saamgestel is (5), het sy ontstaan te danke aan die voorstel dat al die verskillende kerke in die N G -familie in een "oorkoepelende sinode" saamgebind word. Die belangrikste bydraes word gelewer deur F J M Potgieter, W D Vorster en A P Treurnicht en is verteenwoordigend van 'n standpunt wat lank domi= nant in N G -kringe was. Die eenheid van die kerk word bely, maar die nadruk val duidelik op die veelvormigheid, wat impliseer dat etniese en kulturele verskeidenheid struktureel gehandhaaf moet bly. Oor die algemeen staan die skrywers dus afwysend teenoor die gedagte van een saambindende sinode. Die uitdruklike doel van die bundel wat deur Meiring en Lederle saamgestel is (6), is om hierdie diskussie verder te voer. Die groot verskeidenheid van bydraes kom uit sowel die N G -kerk as die jonger kerke van die familie, asook een uit die Gereformeerde Kerk, met as mikpunt om Bybelse, Kerkhistoriese, prinsipiële en praktiese aspekte van kerklike een= heid in ons huidige situasie in Suid-Afrika te belig". Die deurlopende tema is dat eenheid en verskeidenheid nie twee gelyke groothede is wat op dieselfde vlak lê nie, maar dat in Bybelse perspektief die eenheid van die kerk 'n primêre gegewe is wat alle nadenke oor die kerk bepaal. Die twee bundels bied uiters boeiende leesstof en spreek in so 'n duidelike taal dat die leser self kan oordeel waar die evangeliese aksente lê.

Rondom dieselfde tema, maar op 'n heel ander vlak, wentel die twee studies van J A van Wyk (7) en D Bax (8). Van Wyk bied 'n prinsipiële besinning oor ideologie as denksisteem wat uiteindelik 'n beslissende invloed kan hê op die wyse waarop 'n samelewing gestruktureer word. Selfs Christelike motiewe loop gevaar om tot ideologieë omgebou te word, hoewel die evangelie "eintlik alle ideologieë oopbreek en van hul selfgenoegsaamheid, absoluut= heid en afgeslotenheid beroof" (3). Volgens van Wyk vertoon die volks= nasionalisme van die Afrikaner duidelik ideologiese kenmerke. Die grootste

deel van die studie word dan gewy aan 'n teologiese kritiek op die ideo= logie, met deurlopende verwysings na die Suid-Afrikaanse situasie. Waar van Wyk 'n stem "van binne" laat opklink, is Bax se studie 'n stem "van buite" en meer bepaald vanuit Presbiteriaanse hoek. Hy gee 'n kritiese analise van die N G Kerk se standpunt oor rasse-aangeleenthede, veral in die lig van "Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die Lig van die Skrif" (die sg Landmanverslag). Ook hy ontdek hierin 'n ideologiese basis. Hy word self sterk deur Barth se houding t o v die "deutsche Christen" beïnvloed en sien in die Suid-Afrikaanse opset 'n parallel met die vooroorlogse situasie in Duitsland.

Die worsteling om die kerk en sy roeping is nie tot een groep beperk nie, soos duidelik blyk uit die volgende vier publikasies. *Church and Natio= nalism in South Africa* (9) is die resultaat van 'n byeenkoms wat in 1974 deur die Missiological Institute van die Luteran Theological College by Mapumulo in Natal gereël is. Ook hier val die soeklig op die verhouding tussen kerk en nasionalisme, met wye verskeidenheid van bydraes, o a van proff J J Degenaar, C W H Boshoff, G J Gerwel, dr Manas Buthelezi en pres. Lucas Mangope. Aan die einde verskyn 'n samevatting van die bevindinge van die konferensie wat vir verdere oorweging deur mede-gelowiges en mede-landgenote aanbeveel word. Ook in Gereformeerde kring is soortgelyke temas aan die orde van die dag. *Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing* (10) bevat die referate wat gelewer is op 'n kongres wat in 1976 onder beskerming van die Afrikaanse Calvinistiese Bond te Potchef= stroom plaasgevind en destyds heelwat opspraak verwek het. Hoewel nie spesifiek op die kerk toegespits nie, word die tema "geregtigheid" in die eerste plek vanuit Bybelse perspektief benader, met duidelike konsekwen= sies vir die verantwoordelikheid van die kerk. Die finale besluite van die kongres is as deel van die bundel opgeneem. Die brosjure van D C S van der Merwe (11) bespreek "Kerk, volk en ras in die sendingbeleid van die Gereformeerde Kerk in S A". Hy wys op die onontwykbare sendingopdrag van die kerk en hoe dit deur die Gereformeerde Kerk in die praktyk uitge= voer is. Hoewel die onderskeie bevolkingsgroepe (ook Kleurlinge en Afri= kaners) in eie nasionale sinodes georganiseer is, word hulle in een alge= mene sinode saamgebind. Die bundel wat deur D J C van Wyk saamgestel is (12) bevat weer 'n keur uit die inleidings- en ander artikels wat in *Die Hervormer* verskyn het en gee 'n goeie beeld van Hervormde denke oor volkere-verhoudings.

Die volgende twee bundels het 'n inter-kerklike karakter en fokus op twee

spesifieke probleemvelde. *Church and Society* (13) bevat die referate van die eerste simposium van Unisa se Instituut vir Teologiese Navor= sing wat onder leiding van W S Vorster in September 1977 gehou is. Die uitgawe van Augustus 1977 van *Missionalia* is gewy aan die kongrestema van die jaar, nl "Church and Liberation" (14). Dit sluit 'n aantal by= draes oor die bevrydingsgedagte in wat so prominent in die teologie van die Derde Wêreld ontwikkel het, met Suid-Afrikaanse reaksies daarop.

Die nou reeds bekende boeke van Meiring (15-18) dra 'n eie stempel. Meiring het die tegniek van onderhoudvoering tot 'n kuns ontwikkel en slaag daarin om feitlik 'n persoonlike ontmoeting tussen spreker en leser tot stand te bring. Hierdie informele gesprekke met 'n groot verskeiden= heid van mense ('n mens verbaas jou oor die wye spektrum van Meiring se kontakte) lees maklik en is 'n lekker afwisseling van die soms (!) swaar= wigtige teologiese lektuur. Ten spyte van die informele aanpak word 'n rykdom van inligting en dikwels diepgrypende insigte aan die leser oor= gedra.

Die studie van Hanekom (19) is vanuit volkekundige perspektief geskryf en berus op navorsing wat die skrywer onderneem het t o v die Zion Christian Church van Lekganyane, die grootste onafhanklike swart kerk in Suider-Afrika, wat onlangs weer in die nuus was. Hanekom toon aan dat alhoewel swart teologie maar eers onlangs hier te lande prominent geword het, 'n geskikte geestelike en ideologiese infrastruktuur vir hierdie nuwe ont= wikkeling steeds meer as 'n eeu lank in Afrika bestaan. Teoloë kan met groot vrug van hierdie insiggewende studie kennis neem.

Die boek van J D van der Vyver (20) kom weer uit regsfilosofiese hoek. Na "'n kritiese analise van die beginsel van soewereiniteit in eie kring", d w s van een van die hoofpylers van die denktradisie waarin die skrywer self staan, word in die tweede deel 'n insiggewende oorsig gebied van hoe die verhouding tussen kerk en staat in terme van konkrete wetsbepalings gereël word in die VSA, die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika. Wie geïnteresseerd is in die konsep van die Christelike staat en die impli= kasies daarvan vir die gelykberegtiging van alle kerke en gelowe, vind hier grondige besinning.

Ten slotte word die aandag op twee preekbundels (21 en 22) gevestig, waaruit blyk dat die nuwe belangstelling in die kerk nie net 'n teoretiese aangeleentheid of 'n intellektuele oefening gebly het nie. Soos dit hoort, het dit ook sy neerslag in die prediking gevind. 'n Vergelyking tussen die

twee bundels maak duidelik hoeseer die persoon van die prediker en die konteks waarin hy homself bevind, mééspreek in die verkondiging van die Woord - Boesak uit die swart, Jonker en Theron uit die wit gemeenskap. Maar wie dieper lees, ontdek die bodem van dieselfde evangelie en van 'n gemeenskaplike geloof - wat uiteindelik die hoop in hierdie besinning oor die kerk lewend hou. Miskien kan ons daarom eindig met die reëls uit W E G Louw se *Ballade van die wêreld se verloop* waarmee Jonker en Theron hul bundel begin:

> Heer Jesus, Prins, U kyk al dié gedoentes aan,
> die deurmekaar gedraf van al die vreemde mense;
> U sien ons vrese, foute, ideale, waan;
> U sien dwarsdeur die hart se mees verborge wense;
> U sien vanuit U helder hemel op dié dwase,
> maar nooit hoër as die balke van u kruis op Golgota:
> blikore , kakies, kaffers, rooinekke, koelies en kase
> onder van die Kaap af padlangs tot in Pretoria -
> dié winkeliers, politici, bywoners en wolkonings,
> en sug: "Die Huis van My Vader het baie wonings".

B C L